# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 20

> *Waarom sou my pa dan hierdie ding vir my wegsteek? Dit is nie soos jy dink nie. (vers 2)*

Die kontras tussen Saul aan die een kant, en Jonatan en Dawid aan die ander kant, word al duideliker. Saul is nie ’n man van

sy woord nie. Ten spyte van die eed wat hy gesweer het dat hy nie vir Dawid sal doodmaak nie (1 Sam 19:6), is hy vasbeslote om hom om die lewe te bring. Saul was ongelukkig nie ’n man op wie se woord jy kon vertrou nie (kyk gerus weer na hoofstuk 15).

In skrille kontras hiermee is Dawid en Jonatan – hulle was manne van hulle woord. Jonatan waag sy lewe om Dawid te beskerm, ten koste van sy verhouding met sy pa (vers 30-34). Later sou Dawid op sy beurt sy belofte aan Jonatan gestand doen deur Jonatan se seun onder sy vlerk te neem (2 Sam 9:7).

’n Mens van jou woord. Dís die soort mens wat in God se teenwoordigheid mag kom (Ps 15, veral vers 4). Want daardeur weerspieël ons iets van God se karakter, soos Jes 42:21 dit uitspel: “Die Here het vreugde daaraan om getrou te wees, Hy laat sy woord roem en eer ontvang.”



© Bybelkoerant 2018 – 2026